



# The Dressmaker of Montagu

This story was made possible by Amanda Haasbroek and Heléne Joosté



SINCE 1920 BRINK BROTHERS BECAME RENOWNED FOR THEIR DRESSMAKING . MRS. ANGELIQUE ALBERTYN WAS THE MANAGERESS AND HER WEDDING DRESSES WERE KNOWN COUNTRY-WIDE.

SEDERT 1920 WAS BRINK BROERS BEKEND VIR SY MODEMAKERY. MEV. ANGELIQUE ALBERTYN WAS DIE HOOF. HAAR TROUROKKE WAS LANDSWYD BEKEND.



*Angelique Adelaide Albertyn (Uijs) (01/01/1898-20/08/1972)*

Mr. Edward Wium and Mrs. Angelique Adelaide Albertyn arrived in Montagu in the early 1920's. Mr. Albertyn who was previously a motor mechanic working for the South African Defence Force bought a garage at the bottom end of Bath Street.



*27 Augustus 1923 - Edward Wium & Angelique Adelaide Albertyn (Uijs)*

Edward en Angelique het drie kinders gehad. Edward Wium Albertyn (November 1924 – September 1981); Blanche Josephine Albertyn (5 Maart 1927 – 18 Junie 2021); Maureen (3 Maart 1931 – 2 Desember 1933).



Edward Wium Albertyn – gebore 24 Oktober 1892 (Calvinia), oorlede 11 Maart 1931 (Montagu)



*The Albertyn garage and blacksmith shop after they burnt down in March 1931 and Mr. Albertyn lost his life. (Brink Brothers shop and wine store on the right hand side of the road.)*

Picture: Montagu Museum

salt on Saturday.—...

# MONTAGU GARAGE EXPLOSION.

## OWNER TRAPPED BY THE FLAMES.

(From Our Correspondent.)

MONTAGU, Thursday.

Montagu has been shocked by last night's tragedy, when Mr. E. W. Albertyn was burnt to death in his garage.

Mr. Albertyn entered the garage at 8.20 p.m. and switched off the electric pump lights. About two minutes later, according to several witnesses, there was a terrific explosion and the back of the garage burst into flames.

Mr. Albertyn was trapped. The fire spread with startling rapidity, quickly destroying the garage and its contents and a blacksmith's shop owned by J. Notling next door.

At ten o'clock, when the flames had subsided, two men entered the smouldering ruins. They found Mr. Albertyn's charred body in his office at the rear of the building. He was lying on his back with his head towards the door. After the doctor and magistrate had made an examination, the body was removed.

### PETROL TANKS INTACT.

It is surmised that Mr. Albertyn was either killed or stunned by the explosion. How the explosion occurred is at present a mystery. Two underground petrol tanks, which were filled with 900 gallons of spirit yesterday, were found intact to-day.

Mrs. Albertyn was in bed when the tragedy occurred, having given birth to a child a week ago. She is left with three small children.

A large crowd of helpers fought the blaze with buckets of water and a line of hose and pump, but it was a losing battle. A motor-cycle and new demonstration car were destroyed. J. Kriel, a young European, managed to break open an adjoining lock-up garage and get out a car belonging to Mr. J. Brink, owner of the building.

The total damage is estimated at about £2,000. The buildings are covered by insurance.

# MINIMISING RIS[K] FROM PETROL.

## THE PRECAUTIONS TAKE[N] IN CAPE TOWN.

The tragedy at Montagu, where a man was killed in his garage following an explosion which set the building on fire, has raised the question of the precautions enforced to prevent mishaps in premises where inflammable material is stored.

An official of a leading St. George's-street insurance company yesterday explained to a representative of the Cape Times the action taken to minimise risks from petrol. "In recent years," he said, "the arrangements for the storage of petrol in trade garages have so greatly improved that it is unusual to find a garage in which the petrol is not stored in underground tanks. The tanks are fitted by the petrol companies under very strict regulations.

"The practice of leaving open tins on the floor in readiness to fill up motor-car tanks is a thing of the past. Modern garages are also very well ventilated; at one time fires used to occur frequently through garages being badly ventilated, with the result that the petrol fumes accumulated at a low level.

### A SOURCE OF DANGER.

"A source of danger in garages is the spray painting of cars. The atmosphere becomes charged and highly inflammable. Most garages, however, have a separate fireproof compartment for this kind of work."

No petrol is allowed to be kept in any building in Cape Town except under conditions approved by the municipal authorities. Before any tank is installed a Fire Brigade officer ascertains that the requirements are being complied with.

Most Cape Town firms using motor-lorries have their own petrol installations, which are subject to the municipal regulations. The tanks have to be placed well below the ground level and must have concrete or iron covers to prevent evaporation. Under no circumstances is it permissible to store petrol loose in any business premises.

In the case of private garages, the insurance companies allow the owner to keep the usual one or two tins of loose petrol in the building without any extra charge.

## Groot Brand op Montagu.

### Mnr. E. W. Albertyn kom in Vlamme om.

### GARAGE EN NABURIGE GEBOUE IN PUIN GELê.

(Eie Berig.)

Kwartoor ag Woensdagaand is 'n slag gehoor in die geboue waarin Mnr. E. W. Albertyn se Garage en Mnr. J. F. Nothling se Smitswinkel in Badstraat geleë was; bure wat uitgehardloop het om die oorsaak van die buitengewone ontploffing te verneem, het vlamme uit die dak sien opslaan.

'n Groot skare het byna oombliklik op die toneel verskyn en heldhaftige pogings is aangewend om die vlamme onder bedwang te kry. Onder leiding van Mnr. Gidoen le Roux is die pompe uit Gebrs. Brink se Wynstoor aan die gang gesit, pype oor die straat gelê en die water oor die brandende geboue gesprei.

Gelukkig is daarin geslaag om die motor van Meneer Johnie Brink wat in 'n garage in dieselfde gebou gestaan het, te red en twee esels in 'n stal net agter die gebou, se rieme kon net nog afgesny word voor die stalletjie ook in vlamme opgegaan het.

Wyl die menigte om die brandende geboue vergader het, is navraag gedoen na Mnr. Albertyn en ondersoek het aan die lig gebring dat die ongelukkige in die brandende massa moes wees. Die brandende gebou was ontoeganklik en later in die aand is die onherkenbaar gebrande lyk, wat die van wyle Mnr. Albertyn is, gevind. Hy het in die kantoordeur op sy rug gelê.

Groot simpatie word gevoel met Mev. Albertyn en die familie. Hulle jongste kindjie is maar 'n week oud.

Die oorsaak van die brand is nog helemal onbekend. Ondersoek word egter ingestel. Ons verneem dat die skade wat aangerig is aansienlik geskat word. 'n Splinternuwe motor wat in die garage gestaan het, is tot as verbrand en 'n stoor van Gebrs. Brink het ook prooi van die vlamme geword.

## DEATH IN MONTAGU FIRE.

### BODY FOUND IN GARAGE DEBRIS.

(From Our Correspondent.)

MONTAGU, Wednesday.

It is feared that Mr. E. W. Albertyn met his death in a fire which destroyed his garage to-night.

The fire broke out at about 8.20. It is said that there was a terrific explosion, after which the garage burst into flames. The blacksmith's shop next door was also destroyed. The fire was under control soon after ten o'clock.

A charred body was found in the owner's office, and as Mr. Albertyn was seen to enter the building shortly before the fire broke out, and was not seen to come out again, it is practically certain that it is his. An inquest will probably be held to-morrow.

At one stage it was feared that it would set light to the bottle store of Messrs. Brink Bros., which is opposite the garage.

The garage is believed to have been fully insured, but the blacksmith's shop was not insured.

T.T.S. PRINTERS.—No. 56.

# Death Notice.

No. 29604

20 MAR 1931
Master's Office
Cape Town

PURSUANT TO THE PROVISIONS CONTAINED IN THE ADMINISTRATION OF ESTATES ACT, 1913.

1. Name of the deceased in full: Edward William Albertyn
2. Birthplace and Nationality of the deceased: Calvinia European
3. Names and Address of the Parents of the deceased.
   - Father: Edward Albertyn
   - Mother: Minnie Albertyn, born du Toit
4. Age of the deceased: 38 years 5 months
5. Occupation in life of deceased, or if a woman, of her husband: Garage Proprietor
6. Ordinary place of Residence of the deceased, or if a woman, of her husband: Montagu
7. Married or Unmarried, Widower or Widow: Married
   - (a) Name of surviving spouse (if any), and whether married in Community of Property or not: Angelique Adelaide Uys, Out of community
   - (b) Name or names and approximate date of death of predeceased spouse or spouses:
   - (c) Place of last marriage: Cape Town
8. The day of the decease: On 11th March 1931
9. Where the person died.
   - House: in his Garage
   - Town or Place: Bath St
   - District: Montagu
10. Names of Children of the deceased, and whether Majors or Minors.

State separately the Children born of different marriages, and give the date of birth of each minor. Names must be written out in full.

1. Edward Wium Albertyn born 22/11/1924
2. Blanche Josephine Albertyn born 5.3.1927
3. Maureen Albertyn born 2/3/1931

If there are no Children and either or both parents be dead, then give the names and addresses of the brothers and sisters of deceased.

11. Has the deceased left any movable property? Yes
12. Has the deceased left any immovable property? No
13. Is it estimated that the estate exceeds £300 in value? Yes
14. Has the deceased left a will? Yes

Dated at Montagu the 17th day of March 1931

(Signature) A. A. Albertyn

State in what capacity and whether at the time at or near the place of death: Surviving Spouse

This notice must be filled up and signed by *the nearest Relative or Connection of the Deceased* who shall at the time be at or near the place of death,—or in the absence of such near Relative or Connection, by the person who at, or immediately after the death shall have the chief charge of the house in, or the place on which the death occurred, and must be sent either to the Master, or if the death occurred in a district wherein a seat of Provincial Government is not situated, the Magistrate of the District, in duplicate, within fourteen days of the death.

See D/C

Document: Kelsall Woodford

--oOo--



*Ouma Dolly (Mev. Albertyn) se huis Welverdiend, Joubertstraat 34, waar al drie van haar kinders gebore is. Sy het in Welverdiend gewoon tot ± 1957.*

--oOo--

Angelique se Kinders

Die oudste twee (Edward/Blanche) was beide baie musikaal – Angelique het ‘n baie goeie sopraanstem gehad tot haar dood.  Edward (Bubbles) was ‘n orrelis in verskeie kerke, leier van die weermagorkes, asook inspekteur van skoolmusiek in Natal. tot sy dood.

--oOo--



## Director of Music: Captain E.W. Albertyn

Geskryf deur Sanet Strydom – oudste dogter van E.W. Albertyn.

Edward Wium Albertyn (gebore 21 November 1924), seun van Edward Wium Albertyn (24 Okt 1892 – 11 Maart 1931 Montagu) en Angelique Adelaide Uys (Paarl 01 Jan 1898 – 22 Aug 1972 Montagu) se musiekonderig het as 6-jarige op Montagu begin.  Op 13-jarige ouderdom is hy na die Hoër Jongenskool in die Paarl, waar hy leier was van die strykorkes, wat die eerste prys verower het op die kunswedstryd vir amateur-strykorkeste.

Aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad, waar hy verdere musiekonderrig ontvang het, is hy as leier verkies van die skoolorkes wat talle eerste pryse verower het.

As 15-jarige seun het hy groot lof ingeoes met sy klavierspel, wat hom ‘n eerste plek besorg het in die afdelings 16-jaar en jonger, 16-jaar en ouer, 18-jaar en ouer, asook ope afdeling in Nasionale Kunswedstryde.

In sy vroeë jeug was hy voorsitter van die Jongspan komitee by die Kaapstadse Uitsaaikorporasie en as sodanig, het hy 3 jaar lank vanaf die Kaapstadse radio-ateljee uitgesaai.

Daarna is hy aangestel as orrelis by die Kaapstadse NGK-Moedergemeente.

Kort na Albertyn se aankoms in Port Elizabeth, waar hy op 20-jarige ouderdom (die jonste ooit) aangestel is as stadsorrelis by die NGK-Moedergemeente, is hy aangestel as dirigent van die bekende Werdakoor.

Hierna is hy aangestel as hoof van die Heidelbergse musiekskool wat oor 30 klaviere beskik het! Hy het gedurende sy loopbaan hier, verskeie musiektoere na ander provinsies onderneem.

Albertyn het hierna verhuis na Salisbury in die destydse Rhodesië, waar hy aangestel is as stadsorrelis en ook die program “They make music” uitgesaai het oor Radio Salisbury.

In 1948 was hy verantwoordelik vir ‘n reeks musiekkonserte saam met die bekende Cecilia Wessels.

Hierna is Albertyn na Mosselbaai as voorsitter van die Mosselbaaise musiekvereniging en stadsorrelis.

Mosselbaai se eerste omvattente Kunsfees is ook destyds aangebied onder leiding van Albertyn.

In 1956, op 31-jarige ouderdom, is Edward Wium Albertyn, met die rang van kaptein, aangestel as musiekdirekteur van die Suid-Afrikaanse Weermag in Pretoria. Hy is met sy aankoms aangestel as dirigent van die leërorkes en in 1956 het die orkes, onder sy leiding, meer as 50 skole besoek met musiekoptredes.

In 1957 het hy 4 maande in Deal, Brittanje, aan die “Royal Marines School of Music” studeer in die organisering en opleiding van militere orkeste. Hier het hy ook opgetree as gasdirigent by die musiekskool se sluitingskonsert vir die winterseisoen.

Hierna het hy orkeste van Nederland besoek in, onder meer, Rotterdam, Amsterdam, Den Haag en Nijmegen, asook orkeste in Frankryk.

Gedurende hierdie oorsese besoek, het Albertyn meer as 30 orkeste dirigeer, onder meer, die “Guards Bands”, destyds gereken as die beste orkes in Brittanje, “Die Koninklike Militêre Kapel-orkes” in Nederland en die “Orchestre Harmone Republicaine” in Frankryk.

Hy het ook blaasorkeste dwarsoor die land gestig as deel van die S.A. Leër se poging om ‘n liefde vir musiek by die jeug aan te wakker.

Die leërorkes het talle musiekkonserte landwyd, onder leiding van Albertyn, gehou en Albertyn het bekendgestaan as die “kaptein wat oorlog maak met sy dirigentstokkie”. Albertyn was ook verantwoordelik vir die organisering en opleiding van alle Burgermag- en skoolkadetorkeste in Suid-Afrika.

Gedurende sy verblyf in Pretoria, het Mnr. Albertyn elke Dinsdagmiddag tydens die etensuur, ‘n orrel- en orkesuitvoering gehou in die Pretoriase Stadsaal. Net in een jaar, het die S.A. Leërorkes, onder sy leiding, meer as 257 uitvoerings in Pretoria gehou. Hul het aan 103 parades deelgeneem, asook opgetree by 12 staatsbegrafnisse.

Dit was gedurende een van hierdie konserte, waar hy sy toekomstige bruid, Edselina Timmerman, ontmoet het en ses maande daarna, op 4 April 1959, met haar getroud is.

In 1961 het die Albertyn-gesin verhuis na Swellendam, waar Mnr. Albertyn orrelis en musiekonderwyser was en, onder meer, ‘n nuwe orrel vir die moedergemeente laat invoer het. Dit is befonds deur musiekkonserte, orreluitvoerings en kooruitvoerings, onder sy bekwame leiding.

Albertyn het ook ‘n menigte langspeelplate die lig laat sien – musiek van die S.A. Leërorkes, asook die Swellendamse NG-Kerkkoor, was grotendeels op die plate beskikbaar.

In 1964 word Albertyn aangestel as stadsorrelis in Port Elizabeth en in 1968 as inspekteur van onderwys in musiek in Durban, KwaZulu Natal.





*Edselina en Bubbles Albertyn*


Hy is in 1980 skielik oorlede, na ‘n ongelooflike musiekloopbaan waarvoor hy bekendheid verwerf het as „een van die beste orreliste en musikante wat Suid-Afrika nog opgelewer het”.

Albertyn het in sy leeftyd verskeie musiekkonserte, orreluitvoerings, klavieruitvoerings en orkesoptredes gehou en gelei.

Hy het talle komposisies gelewer waarvan die bekendste kinderliedjies, “’n Wiegeliedjie”, “Twee liedjies vir die kleintjies”, “Wip ry”, “Maar een Suid-Afrika”, “Susanna”, “Mooi sing”, “Lekker sing”, “Soet sing”, asook “Slaap gerus”, in skole landwyd opgeneem is as deel van die destydse sangleerplan.




Hy het ook 'n Kerkkoorbundel bekendgestel waarin sy komposisies verskyn het.

Hy het verskeie concerto's geskryf vir klavier en orkes en sy toonsetting van die bekende "Onse Vader" is legendaries. Hy het tereg bekendgestaan as een van die beste orreliste in die land.

Musiekdiploma's wat hy (elkeen met lof) geslaag het, sluit, onder meer, in: LRSM, UTLM, ATCL (Klavier), LTCL (Klavier), ATCL (Orrel) en LTCL (Orrel). Hy was ook lid van die "Royal College of Organists" (MRCO).

Buiten sy musiekkomposisie-boeke, het hy ook „Die beginsels en Teorie van Musiek", (in samewerking met prof MC Roode), „Stories van Simfoniese musiek" geskryf.

Hy sal altyd onthou word as 'n hartlike, gewilde man en 'n uitmuntende talentvolle musikant wat sy lewe aan musiek en die liefde vir musiek gewy het.

--oOo--

**Flip Kriel Montagu inwoner onthou (2022)**: Hy was bekend as "Bubbles" Albertyn. Hy was groot van postuur. Ek het in die 1950's een aand in die Venus bioskoopsaal 'n uitvoering van die SA Leërorkes, waarvan hy die dirigent was, bygewoon. Die saal was die aand stampvol, want hy was 'n seun van Montagu. Die gehoor is weggevoer deur die aangrypende musiek, wat nie net militêre marse was nie, maar selfs overtures van Rossini en von Suppe ingesluit het. Kapt Albertyn het nog die aand, gedurende 'n kort pouse, met 'n skalks glimlag vir die gehoor gesê: “Ek het hier op Montagu groot geword en ek het GROOT geword", want hy was regtig groot gebou.

--oOo--



*Mnr. Pieter (P.J.) Joubert met dogter Charlotte, strooimeise Madelein Brink, suster van George Brink en blommemeisie Blanche Albertyn (mev. Conradie)*



**Kleindogter, Heléne Jooste(2023):** *My ma wat twee jaar oud was dra ‘n blommemeisierokkie wat ouma Dolly per hand gemaak het.*

**Blanche** het by die poskantoor in Montagu gewerk tot haar troue met Uys Conradie van Bredasdorp. Uys was werksaam by die eksekuteurskamer in Montagu en hulle het in le Rouxstraat gewoon, tot begin April 1951, waarna hulle na Caledon verhuis het, daarna na Riviersonderend, Graaff-Reinet, Kimberley, Somerset-Oos, Franschhoek, Durbanville, waar Uys oorlede is.  Albei was baie goeie tennisspelers en Blanche het tot ouderdom vier-en-tagtig, gereeld die sport beoefen.  Blanche het, na Uys se dood, verhuis na Paarl, waar sy oorlede is.



*Bo: Laaste trourok wat A.A. Albertyn gemaak. Die foto is van die bruid en haar vader. Die huwelikspaar en wanneer die troue plaasgevind het is onbekend.*

## 'N FAMILIE-AANGELEENTHEID

*Die huwelik van C.J.U. Conradie en B.J.Albertyn het op die 19 Julie 1947 in die Grootte Kerk in Kaapstad plaasgevind. Links agter: E.M. en J.M. Conradie van Bredasdorp, dan die huwelikspaar, Mev. Albertyn (in pers), Nelia Conradie ('n vriendin, maar nie familie nie).  Die man wat links kniel, is Walter Knipe van Montagu en die een regs, is H.A. Conradie, die bruidegom se broer van Bredasdorp.*



**Blanche** het gereeld die saalbyeenkomste in die skool se begeleiding waargeneem en het 'n besonder goeie, suiwer altstem gehad. Sy het lewenslank in kerkkore gesing. Haar oudste dogter is steeds 'n uitmuntende musikant wat verskeie kore afgerig het, klavier en klarinet aan die Universiteit van Port Elizabeth bestudeer het en orreliste van verskeie kerke was. Al die kleinkinders is musikaal en die dogters almal baie goeie naaldwerksters. Blanche het, behalwe al haar en haar 3 dogters se klere, ook al die klere vir minstens 3 operettes van die Graaf-Reinet Opleidingskollege, ontwerp en gemaak.






**Kleindogter, Heléne Jooste sê (2023):** Haar huishoudster, Debby de Villiers, het aanvanklik by haar begin werk om te help met Edward,

na die geboorte van Blanche, maar het uiteindelik 41 jaar by haar gebly – ingewoon as deel van die gesin. Debby en Blanche het al die jare ‘n besonder innige verhouding gehad en was tot Debby se dood (9 Junie 1976) in noue kontak met mekaar. Al die kleinkinders was besonder lief vir haar en het haar beskou as hulle tante.

Mev. Albertyn het haar opleiding ontvang by La Mode, ‘n Franse mode-ontwerper, wat weens gesondheidsredes, in die Paarl gewoon het. Sy het gewerk by die winkel, Brink broers, waar sy die damesafdeling bestuur het. Sy was ook goed bevriend met die familie.



*Die doopgeleentheid was Julie 1954, op Riviersonderend - June, Ernie, Debby met Heléne, Jaretha - Blanche se kinders.*

Mev. Albertyn het volledige bruidsgroepe se klere ontwerp en gemaak, asook hoede en aandklere. Sy het ook al haar eie klere, sowel as Blanche s’n gemaak.



In 1948 het sy ‘n dooprok vir haar eerste kleinkind, June Angelique, gemaak. Sover bekend, is 14 babas in die rok gedoop – die laaste een, Angelique van Zyl, kleindogter van June, in 2014. Die dooprokkie is gemaak van Blanche se trourok se sleep en haar sluier.

Sy was bekend daarvoor dat sy die bruide, asook hul gevolg, self aangetrek en by die kerk se deur besorg het, waar enigsins moontlik. Na wat ek verstaan, het sy selfs per trein gereis om dit te doen (kompleet met al die uitrustings by haar). Van haar kliënte wat ver gewoon het, het hulle mates vir haar gestuur, dan het sy ‘n “dummy” gebou en die uitrusting daarop gemaak.

--oOo--

**DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK VAN 1938**



*Agter: Etienne, Koos, Mrs. Steyn, Hilda Brink.*
*Voor: Rae Euvrard, Mev. Albertyn, Sannie Kriel, Annie Moller, Yvonne Jordaan, Ena Uys.*

--oOo--

Uit die boek **Vroue van Montagu** deur Yvonne Bussell

*Mev A. A. Albertyn* was oorspronklik van die Paarl. Sy het met die eienaar van ’n motorhawe getrou en uit die huwelik is drie kinders gebore.

Sy het ’n vroue-klerewinkel begin. In 1920 het die modemakery-afdeling van Brink Broers begin toe *mev. Albertyn* aangestel is. Sy het net die beste en mooiste materiale gekoop en begin spesialiseer in trourokke en aandrokke. Sy het mettertyd die hele land vol en in die destydse Suidwes-Afrika bekend geword vir haar skeppings. Sodra ’n bruid haar die eerste keer besoek het, is eers ’n lyfie van linne gemaak wat reg pas en dan is die rok geknip. Gewoonlik het dit ’n lang sleep gehad. In ’n stadium was daar 23 meisies in haar diens, want die skeppings is ryklik met krale en kant versier.

Die bruid se ma en die strooimeisies en blommemeisies moes ook ’n mooi eenheid vorm. Die dag voor die troue moes die bruid haar hare laat krul sodat dit uitgekam kon word om te

voorkom dat dit styf lyk as sy die hooftooisel en sluier opsit. *Mev. Albertyn* was altyd self by die kerk om toe te sien dat die hele gevolg reg loop en die sleep reg sleep.

*Mev Albertyn* het ook al die dorpsvroue wat dit kon bekostig se beste rokke gemaak. Nadat *mev. Albertyn* sowat 32 jaar vir Brink Broers gewerk het, het sy na die afbrand van die winkel in 1952 daarmee opgehou. Sy het na die herstel van die winkel, vir haar eie rekening gewerk, maar steeds vanaf haar werkswinkel in Brink Broers se gebou. Nog later het sy weer vir hulle gewerk as hoofdame. Die verteenwoordigers (destyds „smouse" genoem) is deur haar te woord gestaan en sy het ook die bestellings hanteer.

Later het *mev. Albertyn* vir haar 'n huis gekoop langs die poskantoor en net nou en dan naaldwerk gedoen. Sy het, onder andere, soms klere gemaak vir haar kleinkinders. Ek moet darem byvoeg dat haar getroue huishoudster Debby de Villiers haar hele huishouding behartig het en tot die einde by haar gebly het.

In die museum is nog van *mev. Albertyn* se trourokke te sien.

**Yvonne oor Annie Kriel die hoedmaker**: Dit was fassinerend om te sit en kyk hoe sy werk. Sy moes ook die hooftooisels vir *mev. A.A. Albertyn* se trou en strooimeisiesrokke maak. Sy het ook vir my dogter, wat blommemeisie vir 'n spoggerige troue op Robertson was, ook die pragtigste Hollandse kappie gemaak het.

**Yvonne oor Chris Rossouw** die troukoekbakker: Sy was eers onderwyseres en is toe met Alwyn Rossouw getroud. Hy was tot sy dood die hoof van die mansafdeling by Brink broers. Gedurende al die jare wat *mev. Albertyn* al die deftige trourokke gemaak het, was Chris Rossouw die een wat vir al die troues se troukoeke verantwoordelik was. Sy het self die koeke gebak en gewoonlik was dit drie lae bo-op mekaar en 'n baie hoë skepping. Sy het altyd self die koeke gaan opstapel, want dit was so fyn afgewerk met kantversierings, alles van versiersuiker gemaak. Elke koek het op pilare gestaan en heelbo was gewoonlik nog iets besonders. Die hele koek was 'n kunswerk



*'n Chris Rossouw koek vir die huiwelik van C.J.U. Conradie en B.J.Albertyn 19 Julie 1947*

Uit die boek **Montagu soos die dorp was vanaf my kinderdae** deur Tokkie Bussell

Mev. Fernandes skei toe van haar man, die eienaar van die Springs Hotel en sy koop die Montagu Hotel. Ek onthou nog die mooi 1928 Chrysler wat sy van *Mnr. Albertyn* gekoop het. Sy was glo ʼn baie mooi vrou.


Ek kry toe die agentskap van General Motors in Montagu en begin Chevrolet Motorkarre verkoop. Ek onthou nog baie goed aan wie ek die eerste karre verkoop het, ongeveer £250 ʼn kar. *Mev. Albertyn*, George Brink, Dr. Coetzee, te veel om op te noem



*Een van Mev. Albertyn se rokke — word uitgestuur oor die hele Unie.*

## Modemakery

Hoewel op die platteland gevestig, het BRINK BROERS 'n modemakery-afdeling wat die hele Unie en Suidwes-Afrika bedien. Hierdie afdeling het reeds in 1920 tot stand gekom toe mev. A. A. Albertyn, voorheen van die Paarl as hoof van die afdeling aangestel is. Mev. Albertyn is vandag nog hoof van die afdeling. Die ontwerp en maak van swierige en deftige trou-uitrustings en aandklere maak die belangrikste deel van hierdie afdeling uit.






*MEV. A. A. ALBERTYN*
*Hoofmodemaakster en ontwerpster.*
*Sy het die naam van* BRINK BROERS *vér buite die grense van Montagu bekend gemaak. (33 jaar B.B.-diens).*

Pictures: Montagu Museum



*Mev. Albertyn by 'n "fancy dress"-funksie geneem - datum onbekend.*



A typical Albertyn creation

Picture: Montagu Museum



*Costumes for local production in Montagu*



*Barrett Wedding*



*Du Toit Wedding*

Pictures: Montagu Museum







*A collection of Mrs. Albertyn work on display at the KWV Gallery Long Street Montagu*

Pictures: Ida David

***'n Paar goue oues deur mev Albertyn***

Charlotte Joubert





*Regs: Mnr. en Mev. Blom en Blanche (1931).*

*Regs:Louis en Mattie Burger saam met Sylva Knipe.*





*Bo: Bruid Lettie Knipe. L/R: Dolla Burger,Bubbles Albertyn,Carol Burger en Brester Knipe*




*Die blommeisie regs op die foto, is Blanche Albertyn. Vermoedelik is die ander een Rina Naude. Die ander mense is onbekend*













*Mev. Albertyn se twee huis "Tevrede" in Badstraat*

Foto: Transnet Heritage Library Photo Collection


**Uit Yvonne se boek**: Die verskillende Lappiesbyeenkomstes. Ongeveer 1935 was daar 'n paar vroue wat so graag 'n "af" aand wou hê sonder man en kinders en sommer saam wou verkeer een aand elke week. Lede was Mev Fouche, *Mev Albertyn*, Mev Nolte, Lily Anderson en Mev Naude. Later het daar nog bygekom. Elkeen moes 'n handwerkie saambring en patrone uitruil en sommer lekker saam tee drink. Dit het baie jare geduur, ek weet self nie hoe lank nie.

**Kleindogter, Heléne Jooste sê (2023):** Amper het ek iets vergeet wat vir my ouma baie belangrik was. Sy het baie goed en gereeld rolbal gespeel en dit erg geniet. My sus sê sy was saam met ouma by die rolbalbaan – glo naby die hospitaal. Dalk die dorpsbaan.

*Die Montagu rolbal klubhuis Kerkstraat 2023*



Sy is in die hospitaal op Montagu oorlede. Sy het vanaf ± 1957 tot haar dood, langs die poskantoor gewoon in "Tevrede", wat later 'n restaurant was. Sy is langs haar man begrawe in Montagu se begraafplaas.


ALBERTYN
EDWARD WIUM
24 - 10 - 1892
11 - 5 - 1931
ANGELIQUE ADELAIDE
(GEB. UYS)
1 - 1 - 1898
20 - 8 - 1972
GOD MAAK GEEN FOUT.


ALBERTYN
EDWARD WIUM
ANGELIQUE ADELAIDE
(GEB. UYS)
GOD MAAK GEEN FOUT.

--oOo--

**Modeparade in Sendingkerk Montagu 2005**



*Esther Hofmeyr, Raï Cronje (Liebenberg), Blanche Conradie (Albertyn)*
*Raï Cronje (née Liebenberg), saam met Esther Hofmeyr en Blanche Conradie op die foto (geneem by die modeparade), het daar gewoon. Haar vader was die bestuurder van die Standard Bank Montagu. Hulle was lewenslank baie groot vriendinne.*

Die troufoto's was teen die mure van die sendingkerkie aangebring tydens die modeparade November 2005.





























Pictures unless otherwise stated: Heléne Jooste

***Brides to Be***
*Well not yet anyway. This bevy of beauties from Montagu High School modelled wedding dresses as part of the Montagu Museum's 30 year celebrations. Most of the dresses were made by* ***Angelique Albertyn, dressmaker at Brink Brothers from 1920 to 1952****. L/R back: Elmarie Rossouw, Chanelle Stander, Juané Brits, Amelia Malan, Liana Roux, Audrey Fourie, Laura Wigmore, Elise Burger, Phoebe Metcalfe. Front: Francelle Joubert, Sonja Nel & Leandé Kleinhans*



Picture/caption: Montagu Mail December 2005

--oOo--

**Fashion Show 2023**

Dresses from Mrs Albertyn's collection still bring viewing enjoyment



**Friends of the Montagu Museum**
January 27 at 8:40 AM ·

THE FIRST FASHION/HIGH TEA EVENT OF THE YEAR!

Fleur de Lis, Vic & Vogue and Diva Dressing Room will be showcasing their wares.

The Friends of the Montagu Museum are organizing a HIGH TEA and FASHION SHOW on Saturday 25 February in the Old Mission Church in Long Street.

It will be a fun event - with 10 tables filled with delectable cakes and confectionery. Montagu Winery is sponsoring a welcome drink, there will be a musical interlude and as the cherry on top the Museum has agreed to display some of the beautiful wedding dresses they have in storage. They were made by Mrs Angelique Albertyn who worked at Brink Broers from 1918. She was a superb seamstress and known all over South Africa for her evening gowns, wedding and bridesmaid dresses.

The proceeds will be used to renovate the back stoep at Joubert House so that the FoMM can once again hold their coffee and milk tart mornings - which used to be so popular!

The event starts at 15:00 until 17:30. Tickets at R150 pp can be booked through Cas Groot via his phone 023 614 3856 (after 6pm) or WhatsApp 082 619 3249.

Looking forward to seeing you there!



**The Albertyn family were well represented**

*v.l.n.r: Jaretha van der Merwe (née Conradie), June van Zyl (née Conradie), Heléne Jooste (née Conradie), Blanche Rigelnik (née van der Merwe). June is Blanche Conradie (née Albertyn) se oudste dogter, Jaretha, die middeldogter en Heléne, die jongste. Blanche Rigelnik is Jaretha se dogter.*



# Wedding Dresses from the 1920s

During this month of love the Montagu Museum in the Old Mission Church will be displaying vintage wedding dresses made by Mrs Angelique Albertyn.

These dresses are part of the Montagu Museum Joubert House Collection and are very rarely exhibited. Here is your chance to see them.

Mrs Albertyn started working in the dressmaking department of the famous Brink Broers Emporium in 1918.

She was well known as a superb seamstress all over South Africa and created many evening gowns, wedding and bridesmaid dresses.

A small entrance fee of R15 will be charged as the Montagu Museum is raising funds for the upkeep of the buildings.

--oOo--